Vereniger en opheffer: Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Rhodesië (1890-2007)

Gustav Hendrich
Universiteit van Stellenbosch
gustavhendrich@gmail.com

Abstract

Unifier and uplifter: The Dutch Reformed Church in Rhodesia (1890-2007)

In the missionary and church history of Rhodesia (present day Zimbabwe) the Dutch Reformed church did not concentrate exclusively on the unity of the local Afrikaner community, but also played a pivotal role in the upliftment of the indigenous population. Ever since the coming into being of Rhodesia during the 1890's, Afrikaner immigrants had brought with them their Christian values and religion. Rhodesia being pre-eminently an English-speaking colony of the British Empire until 1965, the Dutch Reformed Church considered it necessary to serve its Afrikaner members, thereby acting as a stronghold against Anglicisation and assimilation. Since 1895 Dutch Reformed congregations were established across the entire country as a reflection of their fellow countrymen in Africa. Between 1890 and 1980 the Dutch Reformed Church in Rhodesia would play an instrumental role in the spiritual life of many Afrikaners. At the same time the Dutch Reformed Church extended its missionary work to the black people – not merely to convert them to the Christian-Calvinist faith, but also to uplift them socio-economically by means of education and the establishment of self-sufficient congregations. In this article the two-fold role of the Dutch Reformed Church in Rhodesia in unifying and uplifting both Afrikaners and indigenous peoples is analised.

Sleutelwoorde: Rhodesië; Afrikaners; Nederduitse Gereformeerde Kerk; Sendingwerk; Morgenster; Zimbabwe.

Inleiding

In die hoofsaaklik Engelssprekende Rhodesiese samelewing het die Nederduitse Gereformeerde Kerkgenootskap (NGK) die handhawing

van Christelik-Calvinistiese waardes en geloofsoortuigings van Afrikaner-lidmate as van kardinale belang beskou.[1] Die behoefte aan die stigting en uitbreiding van blanke NGK-gemeentes sou nie alleenlik weerspieëlend van die geloofsgebondenheid van talle Afrikaners aldaar wees nie, maar ook as gevolg van die toename in lidmate tot 31 230 teen 1961 die derde grootste denominasie in Rhodesië verteenwoordig.[2] Aangesien die NGK in Rhodesië deur die Sinode in Suid-Afrika geadministreer is, is daar 'n merkbare onderskeid tussen blanke NGK aktwiteite en sendingwerk onder die inheemse bevolkingsgroepe getref. Uit die aard van die saak was die Christelike bediening van Afrikaner-lidmate die belangrikste doelstelling, terwyl die sendingbeen as onderafdeling van die kerk op die ontwikkeling van inheemse groepe toegepits was.

Hierdie artikel het ten doel om die historiese agtergrond en uitwaartse rol van dié kerk in die geskiedenis van Rhodesië (wat na 1980 as Zimbabwe bekend staan) te kritiseer en te ontleed ten opsigte van die mate waarin dit beide die Afrikaanssprekende en inheemse gemeenskappe verenig het en/of opgehef het.

Die opkoms van die Nederduitse Gereformeerde Kerkgenootskap en sendingwerk in Rhodesië

Alvorens daar na die ontstaan van die NGK in Rhodesië gekyk kan word, is dit noodsaaklik om 'n onderskeid tussen die blanke kerklike bediening van NGK-lidmate en sendingwerk onder die inheemse bevolkingsgroepe te tref. Aangesien die NGK in Rhodesië 'n geloofsgemeenskap bestaande uit oorwegend Afrikaanstalige blankes verteenwoordig het, was dit terselfdertyd ook die NGK-sinodes in Suid-Afrika wat onderneem het om intensiewe sendingwerk te begin. Die aanvanklike opdrag dat elke blanke NG gemeente sendingwerk binne die eie gemeentegrense moes verrig, het onverwesenlik gebly. Vanweë finansiële tekorte en bestuursprobleme kon die meeste gemeentes eenvoudig nie aan die opdrag voldoen nie. Gevolglik moes die

1 Geografies het die gebied wat as Rhodesië bekend staan, deel uitgemaak van die voormalige Brits-beheerde koloniale gebied wat as die Federasie van Rhodesië en Njassaland (1953 tot 1963) bekend gestaan het. Na die skeuring van die Federasie in 1965 het Noord-Rhodesië (vandag Zambië), Njassaland (vandag Malawi) en Suid-Rhodesië (vandag Zimbabwe) as onafhanklike state vorm begin aanneem. Suid-Rhodesië het tussen 1965 en 1980 egter bloot as Rhodesië bekend gestaan. Sedert die bewindsoorname deur die Zimbabwe African National Union – Patriotic Front (ZANU-PF) in 1980 is die naam na Zimbabwe verander.

2 Rhodesia Government Publications (RGP), Federation of Rhodesia and Nyasaland. Preliminary results of September 1961 (Federal censuses of population and of employees, Salisbury, Rhodesia), p. 6.

Kaapse Sinode die inisiatief neem om afsonderlike sendingstasies te finansier, terwyl die blanke gemeentes slegs moreel en mildelike ondersteuning verleen het. Terwyl die sendingwerk dus grootliks die verantwoordelikheid van die NGK-sinodes was, het die blanke NG gemeentes hoofsaaklik op hul eie vooruitgang en bearbeiding gekonsentreer. Ten spyte daarvan het ds. Sarel Kotze as destydse NG predikant en vryskut-joernalis in Rhodesië, dit slegs as 'n subtiele onderskeid beskou. Ds. Kotze het die volgende standpunt gehuldig:[3]

> die lidmate (en predikante daarby ingesluit) kon te eniger tyd en te enige plek in mindere of meerdere mate individuele sendingwerk of evangelieverkondiging doen (soos veral op baie plase gebeur het). Sulke betrokkenheid kan doodgewoon beskou word as verlengstukke of uitvloeisels van die erns wat die Kerk gemaak het met sy roeping.

Afgesien van bovermelde onderskeid kon die sendingwerk deurentyd steeds as integrale deel van die NGK-geloofsgemeenskap se bemoeienis met geestelike en materiële opheffing van die inheemse bevolkingsgroepe beskou word.

Gedurende die stigtingsjare van Rhodesië in 1890 het Afrikaners vanuit Suid-Afrika, merendeels weens die soeke na verbeterde lewensomstandighede en werksgeleenthede, geleidelik hul weg na die gebied noord van die Limpoporivier gevind. Op versoek van die Britse ryksimperialis, Cecil John Rhodes, en die British South Africa Company is talle Afrikaners oorreed om as boere na Rhodesië te verhuis om veral ondersteuning aan die ontwikkeling van landboubedrywighede te verleen. Verdere oorsaaklike redes vir die volksverskuiwing van Afrikaners was die vurige "trekgees", die aanloklikheid van persoonlike welvaart en dat dit gedien het as 'n ontvlugtingsmeganisme om ontslae te raak van die relatiewe armoedige bestaan in die Boererepublieke, te wete die Republiek van die Oranje-Vrystaat en die Zuid-Afrikaansche Republiek.[4] Die georganiseerde en individuele Afrikaner-trekke en die sporadiese verhuising van Afrikaner-immigrante na Rhodesië sou die grondslag van 'n selfonderhoudende, dog geografies wydverspreide bevolkingsgroep lê.

Die Nederduitse Gereformeerde Kerk het as gevolg van sy getalsterkte deurgaans en feitlik onbetwisbaar die leiding geneem om 'n kerklike heenkome vir Afrikaner-immigrante te bied. Dr. SP Olivier, 'n kerkhistorikus

3 Persoonlike e-pos: S Kotze (Voormalige NGK predikant en vryskut-joernalis, Potchefstroom)/G Hendrich (Navorser), 12 November 2011.

4 CJ Scheepers Strydom (et.al), *Afrikaners in die Vreemde* (Kaapstad, Tafelberg, 1976), p. 115.

oor die NGK in Rhodesië, het die opmerking gemaak dat die godsdienssin van die Afrikaners die "waardevolste kultuurbesit en nasionale stimulus van die volk geword het".[5] Olivier het vervolgens die belangrikste motief vir die instandhouding en vervulling van die geloofsbehoefte deur die NGK soos volg beklemtoon:[6]

> die normale medium vir die uiting, voortplanting en bewaring hiervan, naamlik die Nederduitse Gereformeerde Kerk, [het] maar alte gou sy verantwoordelikheid en roeping teenoor hierdie lede van sy 'liggaam' aangevoel, en het dit as 'n organisme al dadelik sy plek in die volkslewe begin inneem.

Leidinggewende inisiatiewe vir die uitbreiding van die NGK in Rhodesië het na die 1890's vanuit die Sinode van die NGK in die Kaapkolonie gekom. Op aandrang van die Kaapse Sinode is di. AJ Hofmeyer en GW Stegman, vergesel van HW Fourie en S Luttig, as vierman-kommissie na Rhodesië gestuur waar hulle in 1891 deur dr. LS Jameson as Eerste Minister van die Kaapkolonie kerkeiendom en pastorie-erwe op die grootste dorpe beloof is. [7] Nieteenstaande hierdie beloftes, het die predikante die onmiddellike nood van Afrikaners raakgesien. Hulle het ook die behoefte aan sendingwerk onder die inheemse swart bevolkings onder die aandag van die Kaapse Sinode gebring. Reeds in 1891, maar veral ná 1895, was enkele NGK-sendelinge na Rhodesië onderweg om in feitlik elke uithoek, veral in die Suid-Mashonaland-gebied, die Christelike geloof deur middel van evangelisasiewerk te verkondig.

Veral ds. PA Strasheim was instrumenteel om nie net NGK-sendelinge te motiveer om na Rhodesië te gaan nie, maar ook om die grondlegging van die eerste amptelike NGK in Bulawayo te bewerkstellig. Tydens 'n sinodale vergadering op 6 September 1895 in Kaapstad het ds. Strasheim voorstelle vir die stigting van die eerste NGK in Rhodesië gemaak.[8] Nadat die besluit om die kerk te stig goedgekeur is, het ds. Strasheim geleidelik die verkryging van vrywillige sendelinge in die Kaapkolonie begin propageer. Eerwaarde JS Groenewald, PL le Roux en AJ Liebenberg is onderskeidelik in die Bulawayo-, Melsetter-

5 Argief- en Rekorddiens van die Wes-Kaap (KAB), Kaapstad, PJ van der Merwe-versameling A2599, no.98: Rhodesië na 1890, Trekke na Rhodesië (SP Olivier, "Die ontstaan en die ontwikkeling van die N.G. Kerk", *Die Zambezi Ringsblad*, Deel XXI, no. 10, September 1945, p. 8).

6 KAB, PJ van der Merwe-versameling A2599, no. 98: Rhodesië na 1890, Trekke na Rhodesië (SP Olivier, "Die ontstaan en die ontwikkeling van die N.G. Kerk", *Die Zambezi Ringsblad*, Deel XXI, no. 10, September 1945, pp. 8-9).

7 L Oosthuizen, *Agter die groot dyk. So lyk die Kerk in Rhodesië* (Sinoia, 1980), p. 8.

8 Nederduitse Gereformeerde Kerkargief (NGKA), Anon., *Ons Kerk Album van Hollandsche Kerken en Leeraren, opdragen aan de moderaturen van de verscheidene synoden, de kerkeraden, en gemeenten in Zuid-Afrika* (n.p., 1917), p. 268.

en Enkeldoorn-gemeente aangestel.

Die hoofrede vir hierdie toenemende invloei van NGK-sendelinge was die gedurige pleidooie, onder andere deur Strasheim, om gemeenteleraars na Rhodesië te beroep. Dr. SP Olivier het beweer dat 'n groot aantal sendelinge nodig was, aangesien hulle die onderwys in hul gebiede moes behartig en gevolglik nie ook nog bykomende uitgebreide evangelisasie kon verrig nie. Desnieteenstaande, was hierdie sendelinge sekerlik verplig om ook allerlei take ten opsigte van gemeenskaplike ontwikkeling te verrig. Volgens Olivier moes sendelinge onder bitter moeilike omstandighede oor die weg kom en omdat mense verspreid geleef het, moes hulle pogings aanwend om kinders in "koshuise" te konsentreer.[9] Dit is moontlik dat die goeie samewerking tussen die reeds geordende predikante, naamlik ds. JN Geldenhuys van Bulawayo, ene ds. Kloppers van Melsetter en ds. D du P Steyn van Salisbury, na 1904 spoedig daartoe bygedra het om die NGK-lidmate tot 'n groter eenheid in Rhodesië saam te snoer. Ds. Geldenhuys het ook as die "Apostel van Rhodesië" onder NGK-lidmate bekend geword.[10]

Die gelyktydige verspreiding van die sendelinge en volgehoue pogings tot vereniging in kerkverband het daartoe gelei dat die NGK in Rhodesië na 1900 algaande op vaste voet geplaas is. Volgens Olivier se beskrywing het die sendelinge 'n godsdienstige platform daargestel, vanwaar verdere evangelisasiewerk verrig kon word. Olivier het ook verklaar "dat dit hierdie manne was wat dikwels onder die ontmoedigendste omstandighede, vasberade gewerk het aan die fondamente van die volksmonument".[11] Teen 1919 het ds. Geldenhuys die Ring van Bulawayo onder voogdyskap van die Kaapse Sinode gestig.[12]

Die vereniging en opheffing van Afrikaners

Die Nederduitse Gereformeerde gemeentes in Rhodesië

Die aanvanklike goedgesindheid van die Britse owerhede teenoor Afrikaners

9 KAB, PJ van der Merwe-versameling A2599, no. 98: Rhodesië na 1890, Trekke na Rhodesië (SP Olivier, "Die ontstaan en die ontwikkeling van die N.G. Kerk" , *Die Zambezi Ringsblad*, Deel XXI, no. 10, September 1945, p. 9).

10 NGKA, Anon., *Ons Kerk Album van Hollandsche Kerken en Leeraren...*, p. 268.

11 KAB, PJ van der Merwe-versameling A2599, no.98: Rhodesië na 1890, Trekke na Rhodesië (SP Olivier, "Die ontstaan en die ontwikkeling van die N.G. Kerk" , *Die Zambezi Ringsblad*, Deel XXI, no. 10, September 1945, p. 9).

12 L Oosthuizen, *Agter die groot dyk. So lyk die Kerk in Rhodesië*, p. 8.

het na die dood van Cecil Rhodes in 1902, asook weens die langtermyngevolge van die Anglo-Boereoorlog en strenger immigrasiebeleide, vervaag.[13] Desondanks het die emigrasie van Afrikaners na Rhodesië algaande toeneem en hulle deel in die welvaart en ekonomiese ontwikkeling van Rhodesië. As gevolg van die klem op Engels as amptelike landstaal word 'n taalstryd om die erkenning van Afrikaans op skoolvlak deur hoofsaaklik NG predikante in hul persoonlike hoedanigheid gevoer. Die Rhodesiese regering het veral gevrees vir die opkoms van Afrikanernasionalisme en deurgaans daarin geslaag om die pleidooi te ignoreer. Die Afrikaners het hulle gewoonlik in die omgewing van dorpe en stede gevestig, omdat dit hoofsaaklik as afsetgebiede vir hul produkte, handel en algemene plek van samekoms kon dien.[14] Die dorps- en stedelike gemeentes van die NGK het geleidelik gevestig geraak.

Bulawayo

Die bediening van die Bulawayo-lidmate in die aanvangsjare van Rhodesië was problematies weens die uitgestrektheid van die gebied. As gevolg van die afstigting van sustergemeentes binne die Bulawayo-distrik is die probleem mettertyd opgelos. Na die gemeentebediening van ds. Geldenhuys het ds. JA van Aarde Smuts met sy leuse van "Rhodesië vir Christus", asook di. P de Waal Eksteen, HRC Barrish, TC de Villiers, AF Louw, C Murry, PD Lückhoff, GC Oosthuizen, PG Warnich, CW Heunis, WH van Niekerk, RA Meyer en FP du T Gertenbach tot 1975 gevolg. Ds. CG Botha, wat ds. Gertenbach opgevolg het, was tot in 1981 leraar van die gemeente.[15] Ds. Van Aarde Smuts se leuse sou as inspirasie dien om evangelieverkondiging onder alle bevolkingsgroepe in Rhodesië te bevorder.

In 1928 is die hoeksteen van die nuwe kerkgebou in Bulawayo deur ds. TC de Villiers gelê. Ds. CG Oosthuizen, die NG leraar te Bulawayo in 1950, het in 'n feesbundel van die Bulawayo-gemeente 'n beskrywing van die grootte van die gemeente gegee. Volgens Oosthuizen het die gemeente uit sowat 1 800 lidmate bestaan met 17 preekplekke en 24 Bybelklasse wat by skole

13 G Hendrich, "Die geskiedenis van die Afrikaner in Rhodesië, 1890-1980" (Ph.D, US, 2010), p. 85; AS Mlambo, *White immigration into Rhodesia. From occupation to Federation* (Harare, University of Zimbabwe Publications, 2002), p. 52.

14 G Hendrich, "Die geskiedenis van die Afrikaner in Rhodesië, 1890-1980", p. 101.

15 NGKA, Anon., *Ons Kerk Album van Hollandsche Kerken en Leeraren...*, p. 270; Anon., *N.G. Gemeente Bulawayo Feesblad 1895 – 1985* (n.p, n.d), pp. 7-8.

gehou moes word.[16] Tydens basaars en tentoonstellings moes geld ingesamel word ten behoewe van sowel die gemeentekas, as die Excelsior-skool vir Afrikaanse skoliere. Die Rhodesiese Christelike Vrouevereniging (RCVV) en die Vrouediens van die Bulawayo-NGK, onder leiding van mevv. G van Vuuren, H Lindeque en andere, het 'n onmisbare bydrae gelewer tot die reël van gemeentefunksies, barmhartigheidswerk en die algemene moraal van die gemeentelike lewe.[17] Die Kerkjeugaksie het hulle met Bybelstudie, Evangelisasiewerk en aktuele besprekings bemoei en jaarlikse jeugkampe in die Bulawayo- en Matopos-gebied gereël.[18] Vanweë politieke veranderinge wat na 1980 ingetree het, was daar teen 1984 slegs 274 belydende lidmate in en om Bulawayo.[19]

Oostelike distrikte

Op Enkeldoorn en in die oostelike distrikte van Rhodesië het die NGK-gemeentes van Melsetter en Umtali verspreid voorgekom. Op Enkeldoorn self het ds. AJ Liebenberg vroeg in Januarie 1897 die hoeksteen van die kerk gelê. Ds. Liebenberg was van voorneme om sy bearbeiding te vergemaklik deur twee "kerkjes te bouwen in wijken die verafgelegen zijn" omdat daar toe reeds 780 lidmate was.[20] Op Melsetter is 'n "noodkerkje" in 1895 opgerig, waarin ds. FH Badenhorst tot in 1917 kerkdienste waargeneem het.[21] Na die inwyding van die kerk in April 1917 is skenkings en donasies uit die Kaapse gemeentes van Swellendam en Cradock ontvang; gevolglik kon die klein gemeente goeie vooruitgang maak.

In die noordoostelike distrik het die behoefte aan 'n eie plek van aanbidding toegeneem nadat Afrikaner-gesinne hulle na 1900 as gevolg van werksgeleenthede langs die Beira-spoorlyn in Umtali gevestig het. Ouderling HA Louw, wat as die vader van die Umtali-gemeente beskou word, het homself tot 1905 vir godsdienstige bearbeiding beywer. Na 'n sukkelbestaan waarin kerkdienste "heen en weer" onder 'n boom, bokseil of in private huise of ander genootskappe se kerkgeboue gehou is, is die NGK van Umtali amptelik

16 Anon., *N.G. Gemeente Bulawayo Feesblad 1895 – 1985*, p. 24.
17 Anon., *N.G. Gemeente Bulawayo Feesblad 1895 – 1985*, p. 32.
18 Anon., *N.G. Gemeente Bulawayo Feesblad 1895 – 1985*, p. 34.
19 Anon., *N.G. Gemeente Bulawayo Feesblad 1895 – 1985*, p. 8.
20 NGKA, Anon., *Ons Kerk Album van Hollandsche Kerken en Leeraren...*, p. 270.
21 NGKA, Anon., *Ons Kerk Album van Hollandsche Kerken en Leeraren...*, p. 270.

op 15 Desember 1915 ingewy.[22] Proponent WC Malan is as permanente NG leraar in Maart 1916 beroep om in die Umtali-gemeente te arbei. Afgesien van probleme met vervoer en die uitgestrektheid van die gemeente, 'n tekort aan fondse en die gedurige verskuiwing van lidmate uit die Imbeza-vallei was daar volgens gemeentestatistiek 'n geleidelike toename van lidmate. In 1918 was daar 266 lidmate, in 1922 286, in 1927 296, in 1932 240, in 1937 387, en in 1941 518 lidmate.[23]

Voor die afstigting van die NGK Rusape in 1949 het die Umtali-kerkraad uit lede van verskillende wyke, naamlik Headlands, Rusape, Penhalonga, Inyazura, Odzi, Umtali en Villa Pery bestaan. Weens die ekonomiese ontwikkeling van die Umtali-distrik het die desentralisasie van gemeentebediening noodsaaklik geword. In 1952 is daar byvoorbeeld op Odzi 'n kerk- en gemeenskapsaal gebou. Dit moes dien as saamkomplek waar eredienste en basaars vir lidmate van Odzi, Sabie, Pounsley en Tsungwesi gehou kon word.[24] In Umtali het gemeentelike aktiwiteite en lidmate tot so 'n mate uitgebrei dat ds. JJ Shaw op 25 Oktober 1958 die hoeksteen lê van die nuwe kerkgebou wat meer as £40 000 gekos het.[25] Op 8 April 1959 is die moderne en statige kerkgebou ingewy en gemeentelike bediening met trots uitgeleef. As gevolg van politieke omstandighede het die lidmaattal egter teen Junie 1981 tot ongeveer eenhonderd meelewende lidmate afgeneem.[26]

Salisbury

In die hoofstad Salisbury het die NGK-gemeente tot 1901 sonder 'n predikant oor die weg gekom, maar veral nadat ds. D du P Steyn opgevolg is deur ds. Geldenhuys, wat eintlik die Salisbury-gemeente gestig het, het die grondslag van die NGK in die hart van Rhodesië gelê.[27] Die eerste kerkgebou is in 1909 ingewy. Predikante wat ds. Steyn opgevolg en 'n merkwaardige rol in die uitbouing van die kerk gespeel het, was die volgende: eerwaardes W Adshade en CR Kotzé (wat veral teen Sondagsport beswaar gemaak en gehelp het om die grondslag van die CNO-skole te lê), di. BJ Kloppers, AJ Olivier,

22 NGKA, Anon., *Ons Kerk Album van Hollandsche Kerken en Leeraren...*, p. 271; JJ Shaw, *65 Jaar van genade. Die Nederduitse Gereformeerde gemeente in Umtali – die stad onder die kruis* (Umtali, n.d), p. 19.
23 JJ Shaw, *65 Jaar van genade. Die Nederduitse Gereformeerde gemeente in Umtali ...*, p. 20.
24 JJ Shaw, *65 Jaar van genade. Die Nederduitse Gereformeerde gemeente ...,* p. 25.
25 JJ Shaw, *65 Jaar van genade. Die Nederduitse Gereformeerde gemeente ...,* p. 26.
26 JJ Shaw, *65 Jaar van genade. Die Nederduitse Gereformeerde gemeente ...*, p. 28.
27 NGKA, Anon., *Ons Kerk Album van Hollandsche Kerken en Leeraren...*, p. 269.

PP van der Merwe, JA Pienaar, HJC Snijders, dr. HC de Wet en eerw. TCB Vlok, wat vir 24 jaar "tot groot en onberekenbare seën" as pionier-sendeling in diens van die NGK Salisbury gestaan het.[28] In Oktober 1930 is 'n nuwe sierlike kerkgebou, hoofsaaklik onder die leraarskap van ds. JA Pienaar, "as monument van sy liefdearbeid en deursettingsvermoë in Rhodesië", ingewy.[29]

Gedurende die tydperk van 1944 tot 1976 het die NGK in Salisbury groot vooruitgang beleef. Ses dogtergemeentes, te wete Umtali in 1917, Gatooma in 1943, Sinoia in 1949, Marandellas in 1951, Salisbury-Suid in 1954 en Bindura in 1970, het met verloop van tyd van die moedergemeente afgeskei. In die Sinoia-gemeente het veral die koms van die Buitendag-familie in 1937 'n belangrike rol in die bearbeiding van Afrikaners in die noordelike areas van Doma, Mangula en Karoi gespeel. [30] Die Marandellas-gemeente het 'nbruidskat van £5 000 van Salisbury ontvang, en het as gevolg van die opkoms van die tabakbedryf sy bloeityd in die 1970's beleef.[31] Eredienste is tot 1973 in die pragtige Van Riebeeck-gedenksaal gehou, waarna 'n moderner kerkgebou vir die lidmate gebou is.

Predikante wat in hierdie ontwikkelingsjare in diens van die NGK Salisbury gestaan het, was di. FJ Minnaar, CB Zietsman (wat onder meer die "Gedenksaal" en Kerk-boekhandel begin het), LF van Niekerk, AT Kemp, F Swanepoel, D du Plessis en HP Malan.[32] Gemeentelike bediening het van krag tot krag gegaan. Teen 1975 het die jaarlikse basaars dienooreenkomstig vergroot, sodat die kerkraad besluit het om die basaar op die Salisbury-skouterrein te hou. Danksy die veranderende demografiese samestelling van Salisbury en politieke omstandighede na 1970 het die kerkraad in 1971 besluit om ook anderstaliges te bedien. Ds. Danie du Plessis, wat in Salisbury grootgeword het, het hom vir die terugwin van verengelsde NGK-lidmate beywer. Die eerste volwaardige Engelse diens is op 4 Junie 1972 gehou.[33] In die stedelike gebiede van Salisbury het die gedurige rondtrekkery van lidmate en die opspoor van nuwe intrekkers egter groot hindernisse in die pad van Christelike bediening geword.

28 Anon., *Salisbury Ned. Geref. Kerk 75 1901 – 1976* (Salisbury, 1976), pp. 6-9.
29 Anon., *Salisbury Ned. Geref. Kerk 75 1901 – 1976*, p. 8.
30 L Oosthuizen, *Agter die groot dyk. So lyk die Kerk in Rhodesië*, pp. 10-11.
31 Anon., *Ned.Geref.Kerk Marondera 1951 – 1991 Herdenking* (Marondera, 1991), pp. 9-11.
32 Anon., *Salisbury Ned. Geref. Kerk 75 1901 – 1976*, pp. 10-16.
33 Anon., *Salisbury Ned. Geref. Kerk 75 1901 – 1976*, p. 15.

Bearbeiding, geloofsbediening en opheffing onder Afrikaners

Dit is vanselfsprekend dat die NGK die bearbeiding en geloofsbediening van die Afrikaner as sy vernaamste rol beskou het. Vanweë die groot toename in Afrikanerkinders in Rhodesië was dit vir die NGK uiters moeilik om voldoende onderwys aan hulle te verskaf. Vir daardie doel is verskeie CNO-kerkskooltjies, asook 'n weeshuis onder leiding van ds. AJ Botha op Daisyfield naby Bulawayo tot stand gebring. In die aanvangsjare het hierdie kerkskoolinrigtings geweldige finansiële probleme ondervind. Eerw. AJ Liebenberg het egter in samewerking met ds. FH Badenhorst en ds. CR Kotzé onverpoos met beslistheid na die opheffing van die Afrikanerkind gestreef, deur onder meer ondersteuning en kollektetoere te onderneem.[34]

'n Afrikaanse weeshuis is reeds op 31 Januarie 1910 te Bulawayo in 'n gebou langs die NGK in gebruik geneem.[35] Afgesien van die mening dat die instandhouding en bestuur van die weeshuis as geloofsake beskou is, is knellende probleme reeds kort na die stigting ondervind. Beperkte huisvesting, asook geldelike en onderwystekortkominge, het deurgaans die organisatoriese bestuur van die weeshuis gekortwiek.[36] As gevolg van finansiële en geografiese oorwegings het die direksie in Desember 1913 besluit om die inrigting na 'n gebied in die omgewing van 'n spoorweghalte by Daisyfield ongeveer 75 myl van Bulawayo (120 kilometer) te verskuif.[37] Die hoeksteenlegging van die nuwe Daisyfield-inrigting het in Augustus 1914 plaasgevind. Die doel van hierdie inrigting was om Afrikaner-weeskinders die nodige lewensvaardighede, onder andere in die boerdery, aan te leer, en om in die geheel as bolwerk teen verengelsing te dien. In wese sou die Daisyfield-inrigting die middelpunt van Afrikaner-opvoeding en kulturele opheffing word. Vakkundige opleiding was veral gerig op die ontwikkeling van praktiese vaardighede deur die aanbieding van boerdery, houtwerk, stoffeerkuns, skoenmakery en leerwerk aan seuns, en naaldwerk en seepmakery aan dogters.[38] Die uitbreiding van boerderykennis het mettertyd meegebring dat daar voldoende landbouprodukte voorsien kon word.

34 KAB, PJ van der Merwe-versameling A2599, no. 98: Rhodesië na 1890, Trekke na Rhodesië (SP Olivier, "Die ontstaan en die ontwikkeling van die N.G. Kerk" , *Die Zambezi Ringsblad*, Deel XXI, no. 10, September 1945, p. 9).

35 NGKA, KS 1707: Kommissie. Sinodale Kommissie vir diens van barmhartigheid/ Kinder Tehuise 1914 – 1977 (Daisyfield, 21 Maart 1918).

36 NGKA, G 622: Anon., *Ons eerste 50 jaar, Bothashof 1911 – 1961* (Salisbury, Bothashof, 1961), p. 16.

37 NGKA, Anon., *75 1895 – 1970. Ned. Geref. Kerk. Midde-Afrika* (Salisbury, 1970), p. 62.

38 NGKA, Anon., *Daisyfield Weeshuis Suid-Rhodesië*. Viering van die een-en-twintigste verjaarsdag van die weeshuis 1914 – 1935 (n.p, n.d).

Ds. Sarel Kotzé was van oordeel dat die kinderhuis 'n groot rol in die versorging, opvoeding en onderwys van wees- en halfweeskinders gespeel het.[39] As gevolg van 'n sameloop van faktore en omstandighede het die verskuiwing van die Daisyfield-inrigting noodsaaklik geword. Die tekortkominge van die inrigting was dat die skoolterrein swak water- en elektrisiteitsvoorsiening gehad het, en dat die struktuur baie verouderd en ondoeltreffend was.[40] Ten spyte van die sentimentele waarde van die inrigting het die direksie en die Ring van Bulawayo uiteindelik besluit om dit in die geheel na Salisbury te verskuif. Die nuwe skool wat in Januarie 1946 opgerig is en tot 'n laer- en hoërskool uitgebrei is, het amptelik as die Bothashof-skool bekendheid verwerf.[41] Tydens die afskeidsplegtigheid en kranslegging op Daisyfield is daar in 'n somber atmosfeer na die grootse opheffingswerk van die inrigting verwys.

Net soos die geval met die Daisyfield-inrigting, het die Bothashof-skool sedert 1948 die sentrale fokuspunt en bymekaarkomplek van Afrikaners in Rhodesië geword. Verbeterde skoolgeboue en die oprigting van moderne seuns- en dogterskoshuise, onderskeidelik die Davel-huis en die Lategan-huis, het die toonbeeld van Afrikaner-vooruitgang op onderwys- en godsdienstige gebied geword. Die skoolhoofde, te wete DH Davel en CJO Groenewald, asook die direkteur, ds. AF Louw, het 'n leidende rol gespeel in die uitbreiding van die skool.[42] Administratiewelik het Bothashof as 'n kerkkosskool onder beheer van die Ring van Bulawayo geressorteer, maar die regering het ook 'n verteenwoordiger op die beheerliggaam van die skool aanstel. Die stigting van die NGK se Midde-Afrika Sinode en sy eerste en tweede sitting het by Bothashof plaasgevind.[43] Die Bothashof-skool het tot in 1983 as 'n Afrikaans-mediumskool gefunksioneer, waarna dit as gevolg van verminderende Afrikaner-skoliere toenemend verengels en tot die Eaglesvale-skool herdoop is.[44]

39 G Hendrich (Persoonlike Versameling), Vraelys, S Kotzé (Voormalige NGK predikant en vruskut-joernalis, Potchefstroom)/G Hendrich (Navorser), 29 Mei 2009.

40 SP Olivier, *Die NG Kerk en die onderwys in Rhodesië*, *'n Histories-kritiese studie* (Potchefstroom, P.U. vir CHO-Publikasies, 1949), p. 391.

41 KAB, PJ van der Merwe-versameling A2599, no.140: Onderwys en Kerk (MD Maree, *Die Daisyfield-inrigting: 1910 – 1948*), p. 131.

42 NGKA, G 622: Anon., *Ons eerste 50 jaar, Bothashof 1911 – 1961*, pp. 40 - 43.

43 NGKA, Anon., *75 1895 – 1970. Ned. Geref. Kerk. Midde-Afrika*, p. 63; G 622: Anon., *Ons eerste 50 jaar, Bothashof 1911 – 1961*, p. 43.

44 Anon., Eaglesvale Secondary School, The Great Trek from Daisyfield to Bothashof in 1948 (Available at www.eaglesvale.co.zw/bothashof.html, as accessed on 27 July 2010).

Om voorsiening te maak vir die Afrikaner-kinders in Matebeleland stig die NGK in 1957 ook die Excelsior-skool in Bulawayo. Teen 1980 was dit die enigste oorblywende Afrikaans-mediumskool in Zimbabwe.[45] Aanvanklik het die Ring van Bulawayo die finansiële bestuur van die skool behartig, maar sedert Augustus 1957 is dit deur die Beheerraad van die NG Sinode Midde-Afrika geadministreer. 'n Tekort aan personeellede en swak fasiliteite op die NG Kerkterrein in Bulawayo het egter deurlopend bygedra tot die relatiewe sukkelbestaan van die Excelsior-laerskool.[46]

Die kerklike bearbeiding en ondersteuning van Afrikaner-vroue en -bejaardes is ook nie agterweë gelaat nie. Onder leiding van ds. AJ Liebenberg en mej. Lettie Stander is die Rhodesiese Christelike Vrouevereniging in 1932 gestig. Met hul leuse van "Waak en bid" het die vereniging inderwaarheid die regterhand van die NGK in Rhodesië geword. Dit was grootliks deur die toedoen en steun van die RCVV dat verskeie "monumentale werke", te wete die Huis Vergesig-ouetehuis te Gwelo en 'n jongdames-tehuis in Salisbury, Harmonie, gestig is en dat wye hulpverlening deur middel van die verspreiding van Christelike lektuur en so meer ook aan Daisyfield en Bothashof gebied is.[47] In 'n anonieme koerantartikel van 19 Oktober 1946 is die groot taak van die RCVV en sy twintig takke met ongeveer 400 lede soos volg beklemtoon:[48]

> Daar is ook onsigbare bouwerk wat wag op elke RCVV-lid. Daar is bouwerk aan ons vervalle huisgesinne, aan ons verlore volksgenote, verlore vir ons Kerk, volk en taal. Dit is bouwerk aan ons nasie.

Die RCVV het ook op sosio-politieke gebied die griewe en afkeure van die Afrikaners onder die aandag van die regering gebring. In Oktober 1966 het die voorsittersvrou, MC Louw, in 'n brief aan die Eerste Minister, mnr. Ian Smith, byvoorbeeld sterk kritiek gelewer oor Sondagontwyding vanweë die aanbieding van sportgeleenthede en ander vermaaklikhede.

Intussen het die aantal NGK-gemeentes in Rhodesië weens verskeie afstigtings, onder meer Umtali van die Salisbury-gemeente en Gwelo van Bulawayo in 1917, vermeerder. Tesame met die kostes van sendingwerk het die algehele administrasie van dié gemeentes, veral vanweë toenemende finansiële uitgawes, swaar op die Kaapse Kerk om finansiële steun begin druk.

45 C Groenewald, *Ons Afrikaners in Rhodesië* (Bloemfontein, C.J.O. Groenewald, 1978), p. 79; G Hendrich (Persoonlike Versameling), Vraelys, S Kotzé/G Hendrich, 29 Mei 2009.

46 NGKA, *75 1895 – 1970. Ned. Geref. Kerk. Midde-Afrika*, pp. 64 – 65.

47 C Groenewald, *Ons Afrikaners in Rhodesië*, pp. 79-81.

48 KAB, PJ van der Merwe-versameling A2599, no.252: Koerantknipsels (Anon., "Groot taak van R.C.V.V." Onbekende koerant, 19 Oktober 1946).

Die Kaapse Kerk het noodgedwonge met die Vrystaatse NGK onderhandel om die administrasie van die Rhodesiese NG Kerk-gemeentes oor te neem, hoofsaaklik as gevolg van toenemende druk om armsorg in die Kaapkolonie te lewer.[49] Alhoewel die ooreenkoms vir die alleenreg van die OVS se bearbeiding in Rhodesië deur die Kaapse Kerk aanvaar is, het daar veral betreffende die sendingaangeleenthede 'n geskil tussen die twee sinodes ontstaan. Aangesien die Vrystaatse Kerk geen behoefte daarin gesien het dat die Kaapse Kerk steeds sy sendingwerk moes voortsit nie, is 'n sinodale kommissie aangestel om hierdie kerktwis te besleg.[50] Na 'n uitgebreide ondersoek het die kommissie daartoe ingestem om die Ring van Bulawayo in 1928 aan die Vrystaatse Kerk te oorhandig. Daarna sou die kerkregterlike dispuut vervaag.

In 1945 het 'n tweede oordrag van die Rhodesiese NGK van die OVS-sinode na die Transvaalse Kerk plaasgevind. Hierdie oordrag, wat op 16 Augustus 1957 plaasgevind het, was grootliks as gevolg van gemeente-uitbreidings in Rhodesië. Die eerste moderatuur van die NGK van Midde-Afrika het bestaan uit di. TA Theron (moderator), AF Louw (assessor), CB Zietsman (aktuaris) en S Boshoff (scriba).[51] Daardeur kon die algemene administratiewe werksaamhede van die NGK in Rhodesië doelgerig georganiseer word.

Op politieke gebied het die NGK hom gedistansieer van sodanige aangeleenthede of formele reaksies daarop. Daarteenoor kon die lidmate wel as landsburgers in hul persoonlike hoedanigheid standpunt inneem. Tydens die twee wêreldoorloë het daar byvoorbeeld groot verdeeldheid onder Afrikanergeledere oor verligte diensplig voorgekom, terwyl die NGK deurentyd neutraal gestaan het. Sedert 1945 het die opkoms van 'n swart bewussyn en nasionalisme in Afrika geleidelik tot 'n bevrydingstryd om swart meerderheidsbewind in Rhodesië aanleiding gegee. Die Federasie van Rhodesië en Njassaland is gevolglik geskep om nie net ekonomiese vooruitgang te stimuleer nie, maar ook om groter swart verteenwoordiging in die politiek te verleen. Omrede die blanke minderheidsbewind in Suid-Rhodesië geensins te vinde was vir 'n swart oorname na die ontbinding van die Federasie nie, is 'n *Unilateral Declaration of Independence* (UDI) van Rhodesië op 11 November 1965 verklaar.[52] As vergelding het Groot-Brittanje toenemende druk en ekonomiese sanksies teen Rhodesië ingestel. Weereens het die NGK nie direk

49 NGKA, Kluis 2/ SIN 124: JG Olivier, *Geskiedenis van geskil tussen NG Kerk Kaapland en OVS se sendingaangeleenthede in Suid-Rhodesië*, p. 27.
50 NGKA, Kluis 2/ SIN 124, JG Olivier, *Geskiedkundige oorsig*, p. 3.
51 C Groenewald, *Ons Afrikaners in Rhodesië*, p. 78.
52 G Hendrich, "Die geskiedenis van die Afrikaner in Rhodesië, 1890-1980", p. 262.

by die politiek betrokke geraak nie, maar sy lidmate en predikante het wyd standpunt ingeneem. So byvoorbeeld het ds. Bruwer in die *Gemeentebode* van Januarie 1965 geskryf dat "onafhanklikheid vir Rhodesië van lewensbelang is".[53] Ds. Kotze het vanweë sy betrokkenheid by en kontak met gemeentes sy eerstehandse ervaringe soos volg meegedeel: [54]

> die kerk het haar neus uit die politiek gehou, maar in Afrikaanssprekende geledere (wat bykans die totale NGK-lidmaatskap in die land ingesluit het) [was] daar besliste groot en groeiende ondersteuning vir die leierskap en leiding van Ian Smith. Daar is meer heil gesien in onafhanklikheid vir die land (selfs ten spyte van toenemende buitelandse druk en sanksies daarteen) as in die voortgesette Britse gesag.

Tydens UDI is Afrikaners te midde van sanksies, tydens die langdurige Rhodesiese bosoorlog as selfonderhoudende gemeenskap tot 1980 deur die NGK moreel en geestelik ondersteun en verenig.

Sendingwerk onder die inheemse bevolkingsgroepe

Morgenster

Dit was 'n belangrike doelstelling van die NGK om swart mense deur middel van aktiewe sendingbediening tot die Christendom te bekeer. As baanbreker-sendeling van die NGK het ds. AA Louw hom op uitsonderlike wyse veral vir die Christelike bearbeiding onder die swart bevolkingsgroep in sy midde, naamlik die Vakaranga, beywer. Onder sy leiding is die Morgenster-sendingstasie, wat op die plat Mugabe-berg in sentraal-Rhodesië geleë is, gestig. Ds. Louw se begeerte om Christelike bearbeiding te doen, was tekenend van die oorhoofse doel van die NGK se sendingmissie om die swart bevolking van Rhodesië te kersten.[55]

Op die Morgenster-sendingstasie het ds. Louw die taak van evangelisasie op hom geneem. Die eerste twee bekeerlinge vir die NGK is in 1896 deur ds. Louw en sy vrou Cinie gewerf. Ds. Louw was 'n uitsonderlike NGK-figuur, wat vir 38 jaar lank as Evangeliedienaar in Rhodesië gewerk het. Die Rhodesiese regering het die 'Meritious Award' ter erkenning van sy weldeurdagte

53 Anon., *Salisbury Ned. Geref. Kerk 75 1901 – 1976*, p. 75.

54 Persoonlike e-pos: S Kotze (Voormalige NGK predikant en vryskut-joernalis, Potchefstroom)/G Hendrich (Navorser), 12 November 2011.

55 AA Louw, *Die Môrester in Mashonaland* (Stellenbosch, Christen-Studente Vereniging, 1954), p. 89.

sendingwerk en rol in die NGK in Rhodesië aan hom toegeken.[56]

Die Morgenster-sendingstasie het as't ware 'n modelstasie vir die ontwikkeling van ander NGK-sendingstasies geword. Morgenster het nie bloot as godsdienstige instelling gedien nie, maar het ook onderwysgeleenthede, gesondheidsorg en gemeenskapsontwikkeling aan swart mense gebied. Dr. John Helm, 'n Afrikaner-sendingdokter, het hom byvoorbeeld 21 jaar lank onvermoeid aan die genesing van siekes gewy. Helm was klaarblyklik besonder gewild onder die Vakaranga vanweë sy nougesette versorging van dié inheemse groep. Onder hulle het hy as die "Muneri Nonga" (of baasdokter) bekendheid verwerf.[57] Die John Helm-gedenkhospitaal te Morgenster is as blywende herinnering aan sy ywer na hom vernoem. Op Morgenster het ene George Euvrard ook op gemeenskaplike basis by boerdery en gebou-uitbreidings gemoeid geraak.[58] Volgens ds. Louw was daar 'n gedurige invloei van NGK-sendelinge na die sogenaamde Mashonalandse sending te Morgenster, onder andere eerw. PHA Fouche, L du Plessis, H Hoffmeyr, J Malan, HC Hugo en GS Murray.[59]

Aanvanklik het die sendingwerk vanweë die skaarsheid aan voldoende NGK-sendelinge en veral die instroming van swart mense uit Njassaland na Rhodesië, sukkelend voortgegaan.[60] Nadat eerw. Vlok gestuur is om swart mense aldaar te bearbei, is meer daadwerklike pogings aangewend om die Evangelie aan hulle te verkondig.[61] Talle sendingbuitestasies, waaronder Gutu en Makumbe, is opgerig om sodoende in nouer kontak met plaaslike swart mense te kom. JF Roux van Fort Victoria, wat tussen 1912 en 1918 op

56 C Groenewald, *Ons Afrikaners in Rhodesië*, p. 81.

57 KAB, PJ van der Merwe-versameling A2599, no. 248: Pamflette (W Retief, *John Helm – Ons eerste mediese sendeling*, n.p., p. 13).

58 C Groenewald, *Ons Afrikaners in Rhodesië*, p. 70. Die feit dat Groenewald in 1978 na die Christen "arbeiders" van die NGK in Rhodesië as Afrikaners verwys, is sy eie wensdenkery. Baie van hulle was bloot liberale Afrikaanssprekendes vanuit die Kaap en elders.

59 AA Louw, *Die Môrester in Mashonaland*, pp. 154-158.

60 KAB, PJ van der Merwe-versameling A2599, no. 98: Rhodesië na 1890, Trekke na Rhodesië (SP Olivier, "Die ontstaan en die ontwikkeling van die N.G. Kerk", *Die Zambezi Ringsblad*, Deel XXI, no. 10, September 1945, p. 9.

61 Tot 'n paar dekades gelede is persone wat hulle geroepe gevoel het om nie in hulle eie kerk predikante te word nie, maar die evangelie te gaan verkondig in ongekerstende gebiede (die sogenaamde "sendingveld", hetsy binnelands of buitelands) nie vir hulle teologiese studies na een van die kweekskole van die NGK (destyds Stellenbosch en Pretoria) nie, maar na die Sendinginstituut op Wellington. Die kursus het oor vyf jaar gestrek, teenoor die sewe jaar vir predikante aan teologiese kweekskole. Dit was dan spesifiek sendinggerig. Die sendelinge het normaalweg as gestuurde (sendeling) van 'n NGK-gemeente, bv. in 'n ander land of as in een van die "dogterkerke" (NG Kerk in Afrika of Reformed Church in Africa) gaan werk. 'n Afgestudeerde sendeling is as "eerwaarde" aangespreek en nie as "dominee" nie. Verkeerdelik het baie mense hieruit afgelei dat die "status" of bevoegdheid van sendelinge minderwaardig was teenoor dié van predikante. Hierdie ongelykheid is later reggestel en die Sendinginstituut is gesluit. Eertydse "eerwaardes" is nou almal "dominees".

Morgenster as drukker, boer en sendeling gewerk het, het die NG Kerk se beleid van evangelisasie verduidelik. Volgens Roux was die "gedagte om die hele volk te ontwikkel dat hy die Bybel kan lees".[62] Die beleidsdoelwitte was verder ook om swart leiers in kerkverband te onderrig, tot so 'n mate dat hulle later stelselmatig hul eie gemeentes kon ondersteun. Daardeur kon die swart mense dus later geleidelik vir hul eie predikante of evangeliste betaal.

Ten einde die kommunikasiehindernis te oorkom, moes die NGK hom so gou as moontlik op Bybelvertaling in inheemse swart tale toespits. Ds. AA Louw het vertel dat hy en Fransina Susanna Malan, die suster van dr. DF Malan, nie slegs die moeisame taak aangepak het om die Bybel in Chikaranga te vertaal nie, maar dat laasgenoemde ook met die steun van haar broer 'n handleiding vir die Chikaranga-taal en 'n koerantjie (vertaal as *Die Koningsbode*) geproduseer het. Nadat ds. AA Louw se seun, ds. Andre Louw, hul reeds-vertaalde Bybel as basis geneem het, het hy die Bybel in 'n nuwe vertaling in sogenaamde "Union Shona", 'n gesamentlike dialektiese Bybel bestaande uit Chikaranga, Chimanyika en Chizuzuru, oor 'n tydperk van sewentien jaar suksesvol vertaal.[63] Eerwaarde Hennie Hugo van Fort Victoria het verklaar dat hy die Kinderbybel van Conradie in die Chikaranga-taal vertaal het. Die eerste uitgawe van 3 000 Bybels was tussen 1919 en 1949 beskikbaar en teen die tiende uitgawe het die oplaag tot 10 000 gestyg.[64] Heleen Hugo (dogter van eerwaarde Hugo) van Copota naby Fort Victoria het die kodifisering van die Chikaranga-taal in Bybelvorm vir Braille vermag.[65] Deur middel van Bybelvertaling is sendingwerk dus aansienlik vergemaklik. Op 9 September 1941 is 'n Bybelvertalingsgedenknaald te Morgenster uit erkenning aan die vertalers onthul. Die inskripsie op die monument, wat ook in Engels en Chikaranga aangebring is, lui: "Ter herinnering aan die vertaling van die Bybel in die volkstaal. 'n Lamp wat in die donker plek skyn totdat die lig aanbreek en die môrester opgaan in julle harte (2 Petrus 1:9)".[66]

Afgesien daarvan dat Morgenster ongetwyfeld die middelpunt van die NGK se sendingwerksaamhede was, is daar voortdurend gepoog om sendingstasies

62 KAB, PJ van der Merwe-versameling A2599, no. 157: Onderhoude, M / Rhodesië na 1890, Morgenster, no.129, JF Roux, pp. 10-11.

63 KAB, PJ van der Merwe-versameling A2599, no.157: Onderhoude, M/ Rhodesië na 1890, Morgenster, no.1, AA Louw, pp. 10-11.

64 KAB, PJ van der Merwe-versameling A2599, no.157: Onderhoude, M/ Rhodesië na 1890, Morgenster, no.155, H Hugo, p. 13.

65 KAB, PJ van der Merwe-versameling A2599, no.157: Onderhoude, M / Rhodesië na 1890, no.159, Mej. Hugo, p. 1; CF van Eeden (sr)/Gesprek ES van Eeden, 30 Oktober 2011.

66 C Groenewald, *Ons Afrikaners in Rhodesië*, p. 71.

elders rondom Morgenster te stig. 'n Ketting van sendingstasies is in die vooruitsig gestel. Die bestaanstydperk van hierdie stasies het egter gewissel vanweë die gebrek aan personeel, invloede van ander sendinggenootskappe of staatsredes. Die eerste stasie, Mtekeza of Wedza, is byvoorbeeld weens die gebrek aan sendelinge nooit in werking gestel nie. Soortgelyk aan Mtekeza is Harawe ook prysgegee omdat dit in 'n landbouontwikkelingsgebied geval het. Pamushana is deur eerwaardes PHA Fouché en LAR du Plessis opgerig, maar vanweë siektetoestande moes hulle die sendingveld verlaat, waarna eerw. AC Jackson in 1904 daarmee voortgegaan het. Voorts is die sendingstasies Gutu, Chibi en Zimuto in 1907 by die Berlynse Sendinggenootskap oorgeneem. Op verdere stasies, naamlik Albeit, Jichidza (wat die plek van Harawe sou inneem), Makumbe en Nyashanu is daar egter vooruitgang in die ontwikkeling van sendinggemeentes gemaak.[67]

Die ontwikkeling van gereformeerde inheemse kerke

Die stigting van inheemse gemeentes na 1918 op elk van die bestaande sendingstasies was 'n verdere meganisme vir die ontwikkeling van selfstandige inheemse kerke. In die belang van effektiewe koördinering en samewerking is 'n gemeenteraad bestaande uit NG kerklui en afgevaardigdes van die pas-gestigte inheemse kerke ingestel. Die opleiding van swart Evangelis-studente vind na 1925 te Morgenster plaas met vier leerlinge onder die dosentskappe van di. HW Murray en AA Louw jr. Teen 1936 is 'n volwaardige leraarsklas gevorm wat oor die lange duur tot merkbare sukses onder swart gemeentes in die besonder gelei het. Daar word afgelei dat vanweë die entoesiasme en ywer tussen die blanke NG Kerksendelinge en opkomende swart Evangelis-leraars groot vordering gemaak is.

Vanaf 1950 het die aantal swart mense in sendingbearbeiding van 22 evangeliste en sewe leraars tot 'n verbysterende 38 gemeentes, 45 leraars en 'n lidmaat tal (van die latere afgestigte 'Shona Reformed Church') van ongeveer 60 000 gestyg.[68] Ten tyde van die vooruitgang in die sendingwerk was die NGK deurlopend leidinggewend en het geestelike lektuur onder die gewone inheemse swart bevolkingsgroepe versprei. In 1952 het 'n eie sinode, bekend as die Bantoe Gereformeerde Kerk in Suid-Rhodesië (BGK), tot stand gekom.

67 NGKA, Pamflet/"Loof die Here... 1891-1966" (Morgenster Sendingpers, 1966), pp. 19-22.
68 Anon., *Zimbabwe: Van Sending tot inheemse Kerk, 'Huise van Klip'* (NGK Kommissie vir Getuienisaksie, Bellville, n.d), n.p.

Ds. DP Mandebvu is in 1963 tot Moderator van die Sinode verkies.

Hoewel die tussengroep-verhoudinge 'n bloeitydperk beleef het, het dit geblyk dat die bydrae van die NG Kerk tot die swart leraars se besoldiging veral weens die snelle uitbreiding van die swart gemeentes in die Dzoro- en Rusapegebied, mettertyd ontoereikend geraak het. As uitvloeisel van bogenoemde redes is 'n raad, bekend as die Gesamentlike Administratiewe Raad, in 1963 in die lewe geroep sodat daar meer verantwoordbaar gehandel kon word.[69]

Die NGK in Rhodesië het met enkele hulpmiddels daarin geslaag om die sendingwerk en -ontwikkeling te bespoedig. Die eerste hulpmiddel was die opvoeding waardeur die Evangelieverkondiging moontlik gemaak is. Met die oprigting van buiteposskole, sekondêre skole op vier van die stasies, asook opleidingskole vir swart onderwysers kon die opvoeding in alle erns geskied. Teen 1966 was daar meer as 75 000 kinders in primêre skole wat onder die administrasie van die NGK geressorteer en 'n besliste godsdienstige grondslag gehad het.[70]

Tweedens is daar op Morgenster en Gutu met mediese werk begin omdat gereken is dat pasiënte meer ontvanklik vir die Evangelie-boodskap is. By Morgenster is ook van 'n luidsprekerstelsel gebruik gemaak om Sondagpreke na die omliggende hospitale en klinieke uit te saai. Gestremde swart kinders en volwassenes is bearbei en sodoende aan die Christelike geloof blootgestel. In 1948 stig mej. Ansie Heyns 'n skool vir dowes op Morgenster, waar sedertdien nuttige ambagte aan dowes geleer word. 'n Skool vir blindes is deur mev. Margaretha Hugo op Chibi begin en later deur mej. Heleen Hugo op Copota naby die Zimuto-sendingstasie voortgesit. Heleen Hugo het die bestuur van die skool oorgeneem en onbaatsugtige pionierswerk gelewer.[71] Aanvanklik het die skool slegs op skoolonderrig gefokus, maar lewer nou ook nasorgwerk en opleiding aan volwasse blindes. In Rhodesië en wêreldwyd het veral die koorsang- en uitvoerings van die skool bekendheid verwerf. Die skool wat later as die Copota Mission and Centre for the Blind bekend staan, is vandag in Fort Victoria (Masvingo) geleë. Die skool kan dus as blywende nalatenskap van die NGK se sendingaktiwiteite onder die gestremde swart mense bestempel word.

69 NGKA, Pamflet/"Loof die Here... 1891-1966", pp. 34, 42.
70 NGKA, Pamflet/"Loof die Here... 1891-1966", p. 25.
71 KAB, PJ van der Merwe-versameling A2599, no.157: Onderhoude, M/ Rhodesië na 1890, no.159, Mej. Hugo, pp. 1-4.

Die druk en verspreiding van Christelike lektuur onder swart mense van die NGK is deur die skepping van 'n drukpers in 1913 en die oprigting van *Mabuku*-boekwinkels in die vernaamste Rhodesiese stede verwesenlik. Benewens 'n maandelikse uitgawe van die kerkblad, getiteld *Munyai waShe* (Boodskapper van die Koning) is Christelike boekies en traktaatjies eweneens uitgegee om die Evangelie-boodskap te verkondig. Daarbenewens het radioprogramme en visuele hulpmiddels van die departement, genaamd *Penya*, Evangelieprogramme in Shona aangebied en oor 'n groter reikwydte onder die inheemse bevolkingsgroepe uitgesaai.[72]

Volgens statistiese gegewens van die NGK se sending- en inheemse gemeentelede het die swart lidmate en leraars sedert 1916 eksponensieel toegeneem. Onderstaande tabel dui die merkbare groei in die getal van veral skoolgaande kinders aan, asook die styging in fondse wat gevolglik tot selfstandige ontwikkeling gelei het. Hoofsaaklik weens die snelle toename in swart gemeentegetalle was die begeerte onder swart leraars groot om 'n verdere kerk vanuit die NG sendingaktiwiteite te skep. In 1956 kom die Kerk van Midde-Afrika Presbiteriaans (KMAP) dus tot stand. Ten spyte daarvan dat die Nkhoma-sinode sy oorsprong in Njassaland (later bekend as Malawië) gehad en onder die sendingveteraan, ds. TCB Vlok gestaan het, het dit deel gevorm van die Salisbury-sinode. In 1965 het dit die Salisbury-sinode van die KMAP geword. Teen 1995 verteenwoordig hierdie sinode ongeveer 7 000 lidmate wie se swart leraars 'n besondere optimisme openbaar het om die KMAP tot groot hoogtes te ontwikkel.[73]

Teenoor hierdie positiewe gesindheid van swart mense jeens die Christelike bearbeiding deur die NGK, was daar egter 'n geval waar dit geblyk het dat nóg die Rhodesiese owerhede nóg sommige swart mense vir die uitbreiding van sendingwerk te vinde was. In 1945 het die NG sendingkerk by die owerhede aansoek gedoen om 'n perseel vir sendingdoeleindes naby die Bganga Kraal by Chibi op te rig.[74] Die destydse naturelle-kommissaris het egter die aansoek van die hand gewys. Sy verklaring daarvoor was dat slegs enkele NGK-lidmate daar teenwoordig was, en dat die swart mense in die nabygeleë Lunde-reservaat aan die Wesleyaanse Metodiste-denominasie behoort het. Dit wil voorkom asof die owerhede spoedig ag geslaan het op bogenoemde argument, omdat

72 NGKA, Pamflet/"Loof die Here... 1891-1966", pp. 32-33.

73 Anon, *Zimbabwe: Van sending tot inheemse Kerk, 'Huise van Klip'* (Bellville, NGK Kommissie vir Getuienisaksie, n.d), n.p.

74 NAZ, S 2988/7/1: Dutch Reformed Church. Chibi District (Native Commissioner's Office, Chibi), 17 Oktober 1945.

die toestaan van die perseel afgekeur is. In 'n latere post-koloniale studie, genaamd *Zimbabwe: a country study*, is bevind dat talle swart inwoners ongeag daarvan by die sendingaktiwiteite van die NGK betrokke geraak het.[75]

Nalatenskap: Die voortsetting van Christelike bearbeiding in die hedendaagse Zimbabwe

Sedert die oorgang na 'n swart meerderheidsbewind in 1980 het die teenwoordigheid, en gevolglik ook die relatiewe belangrikheid van die Afrikaners in Zimbabwe, weens snelle emigrasie agteruitgegaan. Ten spyte van die negatiwiteit en onsekerhede van sommige Zimbabwiese Afrikaners is dit noemenswaardig dat die Mugabe-regering vir die grootste gedeelte van die sowat twintig jaar na Zimbabwese onafhanklikheid as 'n vreedsame en internasionaal gerespekteerde regering geag is. Die NGK, wat veral deur die Zimbabwe African National Union (Patriotic Front) as ondersteunend van kolonialisme beskou is, was vanselfsprekend bekommerd oor hul lot en voortbestaan.

Die NGK in Zimbabwe het egter groot interne veranderings ondergaan. As gevolg van die toenemende emigrasie van lidmate na die buiteland, moes die kerke noodgedwonge hul bediening by die veranderende landsomstandighede aanpas. Die skerp daling in gemeentelede en die vertrek van welgestelde Afrikaners het naderhand die instandhouding van die kerk nadelig beïnvloed. Dringende alternatiewe moes gevind word om na die belange van die oorblywende Afrikaner-lidmate (en veral die bejaardes) om te sien, maar wat tegelykertyd ook meer aanpasbaar vir maatskaplike ondersteuning aan swart mense sou wees. Kort na 1980 was die onwilligheid om aanpassings te maak, selfs onder predikante, kerkleiers en veral die Geloftefeeskomitee van die kerk (oor hulle standpunt teen Engelse bediening), klaarblyklik 'n onmiddellike probleem.[76] Tesame met die probleem van verengelsing het die Afrikaner-kerke, wat die bakermat van Afrikanerskap in Zimbabwe verteenwoordig het, die gevaar geloop om tot niet te gaan.[77] Die krimpende Afrikaner-lidmaatgetalle het sedert 1997 onrusbarende afmetings aangeneem.

75 HD Nelson (ed.), *Zimbabwe: a country study* (Uppsala, Scandinavian Institute for African Studies, 1979), p. 116.

76 G Hendrich (Persoonlike Versameling), Vraelys, J Haasbroek (NGK predikant, Zimbabwe)/G Hendrich (Navorser), 20 Mei 2009.

77 G Hendrich (Persoonlike Versameling), Onderhoud, S Viljoen (Voormalige Rhodesiese beesboer, Pretoria)/G Hendrich (Navorser), 8 Mei 2009.

In Zimbabwe is die kerklike bediening en sendingwerk deur predikante en lidmate van die NGK benydenswaardig. Dit is belangrik om te beklemtoon dat kerklike ondersteuning en hulpverlening aan swart mense nie na 1980 sonder meer tot 'n algehele einde gekom het nie. Inteendeel; dit het die NGK in Zimbabwe se toekomsvisie geword om selfstandige inheemse kerke, soos die 'Shona Reformed Church', en 'n organisasie bekend as die Christelike Oudiovisuele Aksie (CAVA), wat Christelike lektuur publiseer, te bevorder.[78] By die NGK-sendingstasie te Morgenster het professor Philip McDonald en andere met onderrig in die Evangelie by die teologiese skool voortgegaan. Landwyd het die NG gemeentes as die Reformed Church of Zimbabwe (RCZ) bekend geword. As gevolg van die vermindering in lidmate het slegs vier van die nege NG gemeentes teen 2007 voltydse predikante in diens gehad. Insgelyks het die RCZ deel van die Ring van Midde-Afrika se Noordelike Sinode gevorm.[79]

Die invloed van die NGK gedurende die noodsituasies en erge voedselkrisisse in Zimbabwe het 'n toonbeeld van die betekenisvolheid van die Afrikaner se maatskaplike hulpverlening geword. Gemeentelede het op eie inisiatief fondsinsamelings onderneem en by wyse van basaars voedselprodukte onder mekaar verdeel. Die kerke se aansien het buite verhouding met die lidmaatgetalle toegeneem namate daar na die behoeftes van die breër Zimbabwiese gemeenskap omgesien is. Verskeie praktiese inisiatiewe het tot die verhoogde aansien bygedra, waaronder die verspreiding van kos en medisyne, hulp aan kinderhuise, ouetehuise en individuele bejaardes, asook die sink van boorgate ten behoewe van die RCZ.[80]

Die herstrukturering van die Afrikaner-kerke om byvoorbeeld meer doeltreffend te funksioneer en vernaamlik om groter erkenning deur swart mense te verkry, was onvermydelik. Aangesien kerkbediening aan toenemende swart lidmaatgetalle in Engels, en later ook in Shona aangebied moes word, het die gebruik van Afrikaans afgeneem.[81] Volgens ds. Pieter van Vuuren van die NGK-gemeente Harare, geskied huweliksbevestigings en begrafnisse tans (2011) oorwegend in Engels.[82] Afrikaner-lidmaatgetalle van die NGK in Harare het van 180 in 2007 en tot 'n skamele 70 in 2009 gedaal, terwyl daar na

78 Anon., *Zimbabwe: Van Sending tot inheemse Kerk, 'Huise van Klip'*, n.p.
79 Anon., "Kerk in Zimbabwe laat hoor sy stem", *Kerkbode*, 22 Junie 2007, p. 6.
80 Persoonlike e-pos: P van Vuuren (NGK predikant, Harare, Zimbabwe)/G Hendrich (Navorser), 4 November 2009.
81 Anon., "Kleiner NG gemeentes, minder Afrikaans in kerke in Zim", *Beeld*, 31 Mei 2000, p. 9.
82 Persoonlike e-pos: P van Vuuren/G Hendrich, 4 November 2009.

raming toe slegs ’n duisend lidmate in Zimbabwe oor was.[83] Die werklikheid bestaan dus dat die Afrikaner-kerke, vanweë die geleidelike verdwyning van Afrikaans as kerktaal, geheel en al in ’n verengelsde samelewing geassimileer kan word.

Samevatting

Die NGK het as uitgangspunt om Christus te verkondig besliste pogings aangewend om deur middel van vereniging of saamsnoering van NG lidmate en sendingwerk onder die inheemse bevolkings ’n geloofsgemeenskap te handhaaf. As primêre doelstelling van die NGK om evangelieverkondiging te bevorder, kon die geestelike, materiële en intellektuele opheffing as noodwendige uitvloeisels van die kerk se roeping beskou word.

Ongetwyfeld het die NGK ’n verenigingsrol ten opsigte van Afrikaner-lidmate gespeel, aangesien dit nie slegs as bymekaarkomplek gedien het nie, maar ook as meningvormende platform. Die NGK was dus die enigste noemenswaardige ‘voedingsbron’ vir Afrikaners omdat daar nie volop Afrikaanse skole, buiten Bothashof en Excelsior, in Rhodesië bestaan het nie. In wese was die kerk die enigste openbare instelling waar uitsluitlik in Afrikaans gekommunikeer is. As vername spilpunt waarom die Afrikaner se lewens- en wêreldbeskouing gewentel het, het die kerk ’n bydrae tot die saambinding van die Afrikaners in Rhodesië gelewer deur hulle te verenig. Volgens ds. Sarel Kotze was die verenigingsrol “nie ’n rol wat die kerk vir haarself opgeëis het nie, maar ’n mantel wat nie ander skouers gehad het om op te val nie”.

Sekerlik die grootste invloed wat die Afrikaners, en spesifiek die Afrikaner-kerke, op swart mense uitgeoefen het, was hulle strewe om die swart bevolking tot die Christelik-Calvinistiese geloof te bekeer. Die Morgenster-sendingstasie, die Copota Skool vir Blindes en ander praktiese sendinginisiatiewe, soos Bybelvertaling was blywende bewys van die nalatenskap van die NGK. Die vlak van opheffing was van so ’n aard dat die inheemse bevolkingsgroepe oor tyd hul eie gereformeerde gemeentes gestig het. Tesame met die Evangelie-verkondiging het die Afrikaner-sendingkerke en hul teenwoordigheid in die reël ook daartoe bygedra om die stempel van die Westerse beskawing op swart mense af te druk. Oorkoepelend beskou, het die NGK in Rhodesië (vandag

83 *Kerkbode*, 22 Junie 2007, p. 6 (Kerk in Zimbabwe laat hoor sy stem); *Beeld*, 10 Januarie 2008, p. 10 (Opdraande stryd vir kerke in Zimbabwe).

Zimbabwe) dus op beide stedelike en landelike gebied 'n onberekenbare groot bydrae gelewer tot die Christelike bediening van die Afrikaner, asook die kerstening van die inheemse bevolkingsgroepe.